Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Ilhaam Marlie
Direktoraat: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning
Ilhaam.Marlie@westerncape.gov.za | 021 467 2027

Lêerno.: 25/3/R
Verwysing: 20230210-1307

Gespesialiseerde-onderwysminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole, en Voorsitters van Beheerliggame

Onderwerp: Inentingsveldtog teen masels en ander gesondheidsdienste

1. Agtergrond

1.1 Masels, wat onlangs regoor die wêreld uitgebreek het, en ook vyf provinsies in Suid-Afrika raak, dui op leemtes wat inenting betref.

1.2 Weens die bedreiging van masels vir kinders se gesondheid en kognitiewe ontwikkeling, het die behoefte ontstaan om 'n nasionale inentingsveldtog van stapel te stuur.

1.3 Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid se inentingsveldtog teen masels sal saamval met die jaarlikse menslike-papilloomvirus- (MPV-) inentingsveldtog vir graad 5-meisies of sal daarmee geïntegreer word. Dit word vir Februarie tot 31 Maart 2023 beplan.

1.4 Waar kapasiteit dit toelaat, sal ander sleuteldienste soos monitering van groei, verskaffing van vitamien A, ontwurming, ens., geïntegreer word waar toestemming van ouers verkry is.

2. Teikengroep

2.1 Alle kinders van ses maande tot 15 jaar, ongeag of hulle in die skool is of nie, en of hulle teen masels ingeënt is of enige vorige dosisse teen masels ontvang het, kom in aanmerking vir **inenting teen masels**.

2.2 Slegs graad 5-meisies wat op skool is en wat nege jaar en ouer is, sal die i**nenting teen MPV** ontvang.

2.3 **Diftavax Td** sal toegedien word aan graad 5-seuns en -meisies wat op skool is en wat nege jaar en ouer is.

2.4 **Die toediening van Vitamien A** is gemik op alle kinders tot en met 59 maande wat hul roetine-dosisse (opvolg) misgeloop het.

3. Datums vir veldtogte

3.1 Die inentingsveldtog teen masels sal in Februarie en Maart 2023 plaasvind.

3.2 Die nasionale ontwurmingsprogram vir graad R tot 7 in Kwintiel 1- tot 3-skole, sal in Mei, Junie en Julie 2023 plaasvind.

3.3 Die eerste dosis van die MPV-entstof sal in Februarie en Maart 2023 toegedien word.

3.4 Die tweede dosis van die MPV-entstof sal in September en Oktober 2023 toegedien word. Graad 5-seuns en -meisies in skole sal in hierdie tydperk ook die Diftavax Td-entstof ontvang.

3.5 Tydens Skoolgesondheidsweek vanaf 16 tot 29 Oktober 2023 sal omvattende gesondheidsdienste by die skool aan leerders gebied word.

4. Toestemmingsvorms sal deur die Departement van Gesondheid versprei word en geen leerder sal enige inenting ontvang sonder die nodige toestemming van ouers nie.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: AJE MEYER
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2023-02-21